

**Vrydag 7 Oktober**

**Skrifgedeelte: Lukas 19:1-10; Heidelbergse Kategismus Sondag 7, vraag 21**

**Fokusgedeelte: Lukas 19:9, 10**

**Sekerheid van die geloof omdat Christus tot ons nader (Sola Fidei en Sola Gratia)**

Wat veroorsaak dat 'n skatryk man in 'n boom opklim? Dit maak nie sin vir 'n man van status nie, al was hy kort.

Saggeus was baie ryk. Ons sien dat hy hooftollenaar was (vs 1). Dit beteken dat hy heelwaarskynlik mense in Jerigo aangestel het om belasting in te vorder. 'n Man wat baie geld gemaak het, maar op 'n manier wat nie deur die mense goedgekeur was nie. Saggeus erken self in vers 8 dat hy mense afgepers het.

Ons sal heelwaarskynlik ook soos die skare wil murmureer en beswaar maak: *“Hoekom gaan Jesus by so 'n slegte man tuis? Hoekom praat Hy met so 'n man? Hierdie dade en optrede hoort mos nie by 'n gelowige nie.”* En so val ons in die strik om te dink geloof en genade hang van ons af ... Saggeus is só aangeraak dat hy die helfte van sy goed vir die armes gee EN dat hy vierdubbel teruggee waar hy afgepers het. So iets is menslik gesproke nie moontlik nie. Lukas 18:27 – *“Wat vir die mense onmoontlik is, is vir God moontlik.”*

Saggeus klim in 'n boom om vir Jesus te sien, hy klim weer met blydskap af om Hom te ontvang. Waarom? *Want Jesus Christus het vir Saggeus genader. Hy maak met Saggeus kontak.* Soos ons bely – die Heilige Gees werk die evangelie in my hart. Hy bring die vaste vertrouwe dat God nie net aan ander nie, maar ook aan my, uit genade alleen, Christus se verlossing skenk. Ons sien hier – Jesus Christus MOES in Saggeus se huis wees (vs 5). Dit was die Here se wil om Saggeus te verlos. Dit het by Saggeus vreugde, vrede en blydskap gebring.

Jesus het gekom om ons te soek en te red. Ons redding kom alleen deur Hom. Ons kry deel aan hierdie redding alleen deur die geloof – om dit deur die geloof te omhels. Jesus Christus verklaar ons kinders van Abraham. Dit is geloofstaal. Hoe dink ons vandag? Hang dit van ons af om te glo? Nee! Ons glo omdat Christus tot ons nader! Sola Gratia en Sola Fidei.

*Sing: Psalm 31-1:1, 3, 5*

*Ds. MH le Roux (Marco) (Reitz/Lindley)*